

DIE HOOFBLAD

CENTURION - LAERSKOLE

VOLUME 2 | 2016

- Top keuse van die maand - **bl.4**
- Beïnvloed lae spiertonus jou kind - **bl.6**
- Hou jou kind sterk en slim - **bl.8**
- Kom jou kind se veiligheid eerste? - **Bl.13**

**VOORSPOEDIGE 2016!
IN DIE UITGAWE...**

- Centurion laerskole - Ontmoet ons nuwe maats en skoolhoofde

'n Nuwe jaar in beheer!

'n Huishouding tesame met kinders grootmaak is nie speletjies nie en dit weet ons as besige ouers al te goed.

In vandag se gejaagde lewe vind ons as ouers dit nie altyd maklik om by alles uit te kom nie, en somtyds beïnvloed dit ons vermoë om aan ons kinders die nodige aandag te gee en of hul te dissiplineer om die regte manier. Maar wat is die regte manier?

Ons leef in 'n era waar daar al hoe meer druk op ons kinders is, hul meer verantwoordlikhede op hul skouers dra, en ons meer staatmaak op albei ouers om te werk en te help met die huishouding. Dit al maak dit somtyds moeilik om die regte tyd

en aandag aan ons kinders te gee soos voorheen en veroorsaak dat die taak van ouerskap al hoe moeiliker raak. Kinders het voortdurend aandag, dissipline en riglyne nodig, dit bied hulle die noodsaaklike sekuriteit om te weet waar die grense is en help hulle om emosioneel en sosiaalte ontwikkel.

Maar wat om te doen as dinge net te veel raak of as jy reeds uitbeheer voel?

In vandag se samelewing raak ons dae net korter en tyd word elke sekond beplan om te verseker dat ons by alles kan uitkom - skool, sport en naskoolse aktiwiteite, werk, huishou en gesinstyd. Al hierdie faktore kan heelwat veeleisend raak as dit nie reg beplan word nie en dit veroorsaak dat jy onnodige spanning ervaar en uit beheer voel.

Om'n goeie werk en lewensbalans suksesvol te handhaaf is nie altyd maklik nie, veral as



jy nog skoolgaande kinders in die huis ook het. Maar met deeglike beplanning is dit wel moontlik, en 'n paar wenke mag jou dalk net help om die jaar meer organiseerd te begin

Lees meer op bladsy 2

MONITOR NET

Geared for electronic and physical security



Keeping you safe since 1995

0861 117 117

www.monitornet.co.za

Who we serve



Residential



Commercial



Retail

Products we offer



Alarm Systems



CCTV Systems



Wireless Sensory

Services we offer



Technical



Monitoring Centres



Armed Response



DIE HOOFBLAD - Centurion se eerste skole bylaag in Afrikaans

Welkom by die Die Hoofblad. Die Hoofblad is 'n eksklusiewe bylaag wat gesels oor skool aktiwiteite in en om Centurion skole. Ouers en kinders vind ook waardevolle inligting wat betrekking het tot daaglikse gebeure en inligting rondom skole in Afrikaans. Die bylaag word by deelnemende skole afgelewer en elke kind ontvang 'n bylaag om huis toe te neem.

Uitgewer & Redakteur
Nelda Steyn -

Advertensie Ontwerp
IdeaInk - Immie Bezuidenhout
immie@ideaink.co.za

Rekening Navrae
rekening@diehoofblad.co.za

Om te adverteer
navrae@diehoofblad.co.za

Sirkulasie - 15 000
Gratis Kopie - Centurion

Die Hoofblad verwelkom enige voorstelle of artikels, maar behou die onbeperkte reg om enige kopie wat ons ontvang te verander. Hierdie publikasie of gedeelte daarvan, mag nie gereproduseer of aangepas word sonder die vooraf toestemming van die uitgewer nie, insluitend skole inligting en konsep. Ons tref voorsorg om te verseker dat ons artikels en advertensies akkuraat en gebalanseerd is, maar kan nie verantwoordelikheid gehou word vir die verlies of skade wat mag opduik as gevolg van die lees hiervan. Alle kompetisie wat die publikasie publiseer heg Terme & Voorwaardes aan wat verkrybaar is by navrae@diehoofblad.co.za

'n Nuwe jaar in beheer... Begin by die huis!

Begin die oggend voor werk en skool makliker

Begin jou dag organiseer deur die aand voor die tyd die meeste van die takies aan te pak. Pak die kinders se kosblikke, lê hul klere (plus jou eie) reeds uit en maak seker dat alma

Besluit voor jy gaan slaap wat jy vir ontbyt wil bedien en indien moontlik dek die tafel sommer dadelik vir die volgende oggend. Pak al die sakke die vorige aand, dit sluit in skooltas, skootrekenaars sowel as sportsakke indien daar enige buitemuurs aktiwiteit die volgende dag plaasvind.

Stel 'n skedule op vir die week om vas te stel wie die kinders by die skool kan gaan aflaai die nodige kruideniers na werk sal kan aan-koop, en etes kan voorberei. Dit help om te bepaal wat die week se vereistes is, en verseker dat beide ouers kan betrokke raak en help met die huishouding. Jy sal verbaas wees hoeveel tyd 'n mens kan spaar, indien hierdie takies reeds beplan en uitgesorteer is. Maak tyd om as gesin saam etes te geniet, dis ook 'n goeie

tyd om hierdie skedules te bespreek sodat die hele gesin weet wat van elkeen verwag word en almal saam kan werk as 'n span.

Organiseer jou huis en gesins se prioriteite

Stel vas wat jou gesin se prioriteite is en stel 'n kalender op om te bepaal wat elkeen se aktiwiteite is, dit sluit in die kinders se skool en buitemuurs aktiwiteite, jou werk skedule sowel as tyd om te gaan oefen of enige ander werk of familie verpligtinge.

Indien jy beskik oor tegnologie vir die hele gesin is dit 'n goeie idee om dalk iets soos Google se kalender te probeer. Met hierdie handige sagteware kan 'n mens elkeen se aktiwiteite en verpligtinge skeduleer en sinkroniseer sodat almal toegang het tot die familie se doen en late.

Beperk onnodige afleidings en tyd-mors aktiwiteite

'n Mens raak maklik vasgevang om tydens gesinstyd net gou op jou foon te kyk vir daardie onophoudende werk-eposte, of gebruik soms juis hierdie tyd om daardie oproepe wat jy deur die dag gemis het te beantwoord.

Besluit wat is belangrik en indien jy wel moet werk, stel vir jouself 'n tydperk om hierdie taak te voltooi en bly daarby. Dit sal ook die res van die huis help besef dat jy net 'n enkele paar minute nodig het om hierdie takie aftehandel en dat die res van die tyd dan deurlopende kwaliteit gesinstyd is. Jy kan ook dalk hierdie takie aanpak wanneer die kinders reeds in die bed is om te verseker dat die ontwrigting minimaal is.

Vermyn die televisie, hierdie aktiwiteit kan baie van jou tyd opraap, gebruik eerder hierdie tyd vir gesins-aktiwiteite soos om te gaan stap of 'n bord spelletjie. Indien jy wel kan, neem dan jou gunsteling storie op en kyk dit op die dae wanneer jy daardie eksta een of twee ure het. Jy sal verbaas wees hoe vinnig mens van die nuttelose toestel kan vergeet die oomblik as jy meer tyd saam met die gesin spandeer en geniet.

Spandeer tyd aan jouself!

Ja dit is beslis moontlik! Wanneer jou lewe georganiseer is en jou huishouding, kinders en eggenoot almal gelukkig is, sal jy verstom wees hoeveel ekstra minute 'n dag opduik wat jy net vir jouself kan gebruik. Dis 'n feit dat wanneer jy goed lyk en voel jou energievlakke nuwe hoogtes bereik. Geen mens kan 'n effektiewe eggenoot of ouers wees wanneer jy heeltyd buierig en gejaagd voel nie, so neem tyd om jouself te versorg, rustig te raak en meer te onspan. Verbasend genoeg sal jy baie gou uitvind dat geen huishouding in 15 of 20 minute kan ineens stort en dat jou kinders en/of eggenoot tog hul self kan help of besig hou.

Dis somtyds baie makliker as wat ons dink, ons moet net begin rustiger raak, meer beplan en onself begin afvra – Gaan dit oor hoe vinnig ek als kan aanpak en klaar kry, of eerder "Doen ek die regte ding en gaan dit 'n verskil maak in my en my gesin se lewe!

Voorspoedige 2016 en mag hierdie jaar die begin wees van meer gesinstyd en 'n minder gejaagde bestaan!



WILLEM
072 607 4051

JANTIE
072 139 1092



FOR ANY BIG OR SMALL STEEL JOB: STRUCTURAL STEEL • CLEARVU INVISIBLE WALL
STAINLESS STEEL • CAR PORTS • ANY TYPE GATES • SECURITY GATES & DOORS • BURGLAR PROOFING

WJ STEELWORKS

www.wjsteelworks.com

FOR THE BEST QUALITY WORKMANSHIP GAURANTEED



Ontmoet Mnr. Johan Maree - skoolhoof



Die skool se opvoedings doel is om leerders deur middel van akademie, sport en kultuur tot volwassenheid te begelei. Hierdie belangrike taak is 'n kollektiewe taak waarby personeel, ouers en die gemeenskap betrokke is. Laerskool Wierdapark vergelyk met die beste skole in die provinsie en die land. Die grootste uitdaging vir die toekoms is om die massa leerders

Solis vir Christus!



Mnr. Maree (skoolhoof), Janine Bester (links voor), Stefan Bezuidenhout (voor), Georgia de Jongh, Daniël Obermeyer (agter), Anzelle de Bruyn (regs agter) en Juf. Annatjie



Mnr. Maree (skoolhoof), saam die algehele wenner Stefan Bezuidenhout

Solis vir Christus is 'n nasionale kompetisie wat aangebied is deur Kyknet-Nou en ABS-Produksies. Die aanbieder Antonie Bougas en sy span het oor die hele land laerskole besoek en oudisies gehou. Laerskool Wierdapark het omtrent met talent gespog en 5 leerders het deurgedring na die semi-finale rondte. Daar was 50 laerskool leerders wat deelgeneem het aan die semi-finale rondte en Janine Bester en Stefan Bezuidenhout is gekies om deel te neem aan die finale rondte. Stefan Bezuidenhout (9 jaar) is toe aangewys as die nasionale wenner.

Ons stel bekend ons Hoofleiers vir 2016!



Links na regs: Liné Crawford; Annebelle van der Merwe; Michelle Bester (Hoofdogter), Kijn van der Spek (Hoofseun), Keagan Hunter, Christiaan Roux

Ontmoet ons 2016 Hoofleiers. Ons by Wierdapark is baie trots op elke Wierie en dit is vir ons 'n voorreg om vanjaar hierdie span Hoofleiers te kan ondersteun, om glo dat met elke taak wat hulle aanpak hulle 'n goeie voorbeeld vir al ons leerders sal stel en ons skool se naam hoog hou!

Welkom by die eerste skooldag



Juf. Michelle Cilliers verwelkom Janus Ras saam met mamma Sonja en sy boetie, die fotograaf moes vinnig spring want hy wou net begin met Gr.1



Juf. Michelle du Plessis se nuwe Graad 1's Ella Deysel (links) - haar droom is om eendag 'n juffrou te word. Minka Steyn (regs) - sê sy wil 'n dokter word.



Dickie en Cindy Stapelberg, wat reeds betrokke is by die skool, het hul seun, Dicci, na juf. Susan Nel se Tweety-klas in Gr.R gebring..



Juf. Mariza Eiselen van die Duifieklass saam met 'n paar nuwe Graad R Wierie-maatjies

Die Hoofblad se TOP keuse vir die maand

Ons is mal oor Centurion en al sy mense, so daarom deel ons graag met die lesers wanneer ons 'n TOP plek ontdek

NICE - Cake and Food Shop (Eldoraigne)

Ons is absoluut gaande oor die nuwe koffie en koek winkelkonsep - NICE! Dit is beslis 'n plek om weg te kom van die gejaag en net rustig saam met jou vriendin of wederhelfde te sit en 'n spesialiteits koffie en een van hulle vele smaakvolle geregte of koeke te geniet.

Sommer met die intrapslag laat die eienaar Lammie jou op jou gemak voel en met vinnige en vriendelike diens kan jy nie anders as om Nice deel te maak van jou weeklikse plesiertjie!

Besoek hulle gerus by die Eldo Square Centre, Volga St & Willem Botha Ave, Eldoraigne



Het jy 'n TOP plek in Centurion ontdek wat jy graag met die lesers wil deel?

Laat weet ons gerus by wen@diehoofblad.co.za en staan 'n kans om 'n geskenbewys ter waarde van R500 te wen!



Wierdapark
MIDAS
012 654 3803

Month End Specials!!
Prices valid 29/01/2016 - 07/02/2016

502566306
Midas Liquid Gold 20W50
R150.00

Jerry Can 10L Plastic JC21: R185.00
Jerry Can 5L Metal JC04: R175.00

PJ07
Truck air vulcano
R275.00

Cycle carrier towbar mount
CCT02
R385.00

Car cool Lazer

R45.00	LL01M
R45.00	LL02M
R50.00	LL03M
R35.00	LL05

TRANSFORM YOUR VEHICLE INTO A SPARKLING VEHICLE



Detail Valets

Automotive Body Repairs

Mall@Reds

c/o Rooihuiskraal & Verwoerd Drives
Wierda Park

Web Café
Free Internet
for customers only

Pre-book for auto/body repair & receive a 5% discount

Car Wash



Mo-Fr 08h00-18h00
Sa 08h00-17h00

Su 08h00-16h00
Publ Hol 08h00-15h00

www.sparklingauto.co.za

012 656 9635

Swarrieland skop die jaar nuut af!

Laerskool Swartkop het op 13 Januarie 152 gelukkige nuwe Graad 1 gesiggies verwelkom. Dit was 'n groot dag vir almal, vol opwinding en baie min tranes. Ses Graad 1 klasse was stampvol ouers en familie om te sorg dat elkeen van hierdie maats sy nuwe plekkie vir die jaar kan inneem asook 'n foto of twee van hierdie spesiale dag.

Die leerlingraad het hul eerste takie van die jaar sommer volstoom aangepak en nuwe ouers gehelp om klasse te kry en selfs, soos Hendrik Prinsloo, in-gesprong om die maatjies besig te hou.

Swarrieland spog met drie nuwe tydelike klaskamers nadat die skoolgetalle in die laaste jaar baie vermeerder het. Dit is laat verlede jaar opgerig om reg te wees vir die nuwe skooljaar.



Ons 2016 hoofleiers Kaylan Poonasamy en Meirin Wasserman voor Stuart Cronjé en Michelle Oosthuizen tydens hulle eerste graad 1 dag.



Hendrik Prinsloo, een van die 2016 leerlingraad seuns heet ons nuwe Graad 1 maats Odelia (links) en Thea (regs) welkom en help om hulle sommer dadelik tuis te laat voel.



Ons hoof, Mnr Munnik van der Merwe, het 'n paar nuwe graadentjies verwelkom in sy kantoor en moes eers allerhande vrae beantwoord.



Surprise, Ma Tumi, Tiisetso en Pa Michael was ontrent opgewonde oor die eerste skooldag en sommer dadelik aan die werk gesprong.



Juf. Trudie Piekaar en haar voogklas voor hulle nuwe tydelike klaskamer om te verseker dat elke Swarrie sommer dadelik aan die werk kon spring.

Ons Swarries gee om!

Mnr. Munnik Van Der Merwe -
Skoolhoof



Om 'n gelukkige skoolgemeenskap te wees is dit noodsaaklik dat Laerskool Swartkop 'n skool is wat omgee. Ons jaartema is dus ook "Swarries gee om". Hierdie jaartema word verder uitgebrei sodat daar elke kwartaal 'n sub-tema van die jaartema is. Die eerste kwartaal se tema is "Swarries gee om vir die natuur" gevolg deur "Swarries gee om vir mekaar" in kwartaal 2 en "Swarries gee om hulself" in die derde kwartaal. In die vierde kwartaal sluit ons af met "Swarries gee om vir minderbevooregtes" Met hierdie inisiatief probeer ons sekere waardes en norme by die leerders vestig wat in lyn is met die skool se visie en missie. Asook die waardes wat vir ons belangrik is.

Ons begin hierdie jaar ook met 'n nuwe dissiplinêre beleid wat die uitsluitlike doel het om prosedures in plek te stel wat leerders se onaanvaarbare gedrag korrigeer om sodoende positiewe dissipline te bevorder, asook om in vennootskap van gesamentlike vertroue tussen die ouer, kind en opvoeder te kweek. Hierdie stelsel behels 'n puntstelsel vir leerders. Merietes (Positiewe punte) word toegeken vir positiewe gedrag, prestasie en bydraes gelewer aan die skool, wat opbouend is vir die leerders, onderwysers, skool en gemeenskap. Die toekenning is vir aktiwiteite binne en buite die klaskamer. D-merietes (Negatiewe punte) word toegeken vir onaanvaarbare gedrag, optrede(s) en/of handeling in stryd met die norme en waardes van Laerskool Swartkop.

Hierdie jaar belof om baie opwindend te wees met al die sport- en kultuur aktiwiteite wat op ons wag. Die skool, as vennoot in die opvoeding van u kind, sien met groot opgewondenheid uit na die uitdaging wat hierdie jaar ons gaan bied.

Beïnvloed lae spiertonus jou kind se prestasie?

Ons streef daarna om 'n kinders 'n gesonde leefstyl te bied en werk so hard daaraan dat hulle gesonde kospakkies skool toe neem en gesond eet. Maar soms vergeet ons dat oefening vir elke kind net so belangrik is vir 'n gebalanseerde leefstyl. Die Hoofblad het bietjie met Yolandi Langeveldt, 'n opvoedkundige sports afrieter van Active Kidz gaan gesels om te hoor hoe ons hierdie takie kan aanpak.

Van kleintyd word ons kinders blootgestel aan die televisie, rekenaar of tablet-gesimuleerde speletjies, en is somtyds die hoofrede waarom buite speletyd al hoe minder word by die huis heen, Yolandi van Active Kidz.

Bitter min ouers besef dat buitenspel soos klim en klouter, fietsry of selfs net bal skop 'n goeie grondslag lê vir die noodsaaklike motoriese ontwikkeling in kinders. Ons as ouers is somtyds so besig dat ons somtyds op tegnologie, soos die televisie of Ipads staatmaak om ons kinders te vermaak.

Daar is deesdae al hoe meer kinders met lae spiertonus weens onderontwikkelde groot motoriese spierbeheer. Kinders se spiere in hul skouers en kern (maagspiere) is nie sterk genoeg nie, en dit affekteer fynmotoriese spierbeheer wat hulle vir skryf en teken benodig. Dié probleem het die afgelope tien jaar geweldig toegeneem. *"Baie kinders speel meer gedurig op Ipads of hand konsolle wat nie dieselfde hand beheer as fisiese handgebruik soos skryf of legkaart bou aanleer nie. Aktiewe speletjies leer kinders ruimtelike oriëntasie en as hulle hiermee 'n agterstand het, sukkel hulle om sekere take uit te voer."* verduidelik Yolandi

Wat is lae spiertonus en hoe weet jy dat jou kind daaraan lei?

Spiertonus is wat ons in staat stel om ons liggaam in 'n sekere posisie te hou asook die hoeveelheid spanning wat in elke spier is wanneer jy in 'n sittende of rus posisie is.

Kinders wat aan lae spiertonus lei, sukkel om hulself regop te hou en stut dikwels hulself teen voorwerpe eerder as om op hulle eie te staan of regop te sit, en vind dit moeilik om stil te sit. 'n Kind met lae spiertonus is nie noodwendig swak nie, dit vat net meer inspanning vir hierdie kind se spiere om maksimum spanning te behou. Hulle konsentreer dus om aanhoudend te beweeg en so beïnvloed dit hulle prestasie in skool en op die sportveld, en dit veroorsaak baie frustrasie vir die kind.

Hier is n paar kenmerke wat kan aandui of jou kind dalk aan lae spiertonus lei.

- Hulle sukkel om in dieselfde posisie te bly vir n lang tydperk, hulle sal teen goed leun of aan goed "hang" en hulle vind dit moeilik om stil te sit. Onderwysers sien hulle baie keer as hiperaktief.
- Hulle kan nie op die mat of by die tafel sit sonder om hulle kop vas te hou nie.
- Hy het 'n swakpotlood greep of druk baie hard op sy potlood as hy skryf of teken.
- Word verdink van konsentrasie probleme, maar in die werklikheid sit hulle so baie moeite daarin net om reg op te bly dat dit inmeng met hulle vermoë om op die onderwyser of 'n eenvoudige taak te konsentreer.
- Stadige werkstempo – en hoe harder hierdie kind probeer, hoe meer gespanne raak hy/sy, wat meer druk op hulle

postuur plaas en veroorsaak dat hulle dan al hoe stadiger begin werk.

- Eet slordig en mors gedurig
- Loop op tone, of het indraai-tone, knik-knieë, of stamp tone gereeld, val oor eie voete, en loop op binnerande van voete.
- Laat mylpale – sit, kruip of loop later as meeste van hul ouderdomsgroep.
- Tekeninge, letters en syfers word nie voldoende gevorm nie.
- Sit kierts regop of heeltemal slap.
- Bang vir vreemde en onbekende aktiwiteite (bv. fietsry).
- Pam Hansford (bekende plaaslike fisioterapeut) noem dat kinders met 'n lae spiertonus ook dikwels gespanne is in die skool, sowel as tydens speletjies en sportdeelname.

Dis nie 'n geheim dat sport en oefening kinders sterk en gesond maak nie. Maar wat ouers nie altyd besef nie, is dat slim en talentvolle kinders op skool, selfs ook kan sukkel om hul potensiaal te bereik weens hul swak spiertonus. Ouers moet prober fokus op groot en klein motoriese ontwikkelings areas. Deur hierdie dele van die liggaam te oefen ontwikkel jy ook die spiertonus van jou kind. Dit sluit in balans, koördinasie, goeie postuur en om twee kante van jou liggaam gekoördineerd te kan gebruik. Kinders wie se groot motoriese vaardighede goed ontwikkel is en wat oor goeie postuur beheer beskik, het oor die algemeen ook n beter selfbeeld as kinders met 'n agterstand weens swak motoriese beheer.


Wat kan jy as ouer doen?

- Kry 'n sportsoort wat jou kind se persoonlikheid pas en wat vir hom lekker is.
- Help jou kind om sy selfvertroue op te bou.
- Begin om hulle die basiese reëls van sekere sport soorte te leer en die korrekte terminologie te gebruik.
- Verduidelik hoe belangrik dit is om as n span saam te speel.
- Vermyn stereotipering van seuns en meisies met betrekking tot spesifieke aktiwiteite.
- Fokus op individuele sterk punte. As 'n kind nie in spansport belangstel nie, help hom of haar om ander talente te ontwikkel of kies individuele sportsoorte soos gimnastiek, ballet of swem.
- Skep n aktiewe roetine, moedig jou kind aan om fiets te ry, boom te klim, buite te speel of by die huis aktief met takies te help.
- Pak weg daardie elektroniese speletjies en raak saam met jou kinders aktief.

Om meer inligting te verkry of selfs met Yolandi by Active Kidz te gesels oor hoe om jou kind meer aktief te kry, kontak haar gerus by yolandilangeveldt@icloud.com

Immie: 079 886 6295
immie@ideaink.co.za

- Large format Printing
- Office Branding
- Window Branding
- Vehicle Branding
- Banners
- Magnets
- Canvas
- Signage
- Pull up Banners





Hardloop boetie, hardloop!!



Soos regte jagluiperds, spring die o/7 seuntjies weg. Elke ouer, oupa en oma en ondersteuner op die pawiljoen slaan uit in hoender-vleis van kop tot tone!

Die seuntjies se arms pomp, beentjies beweeg hoër as gewoonlik, gesiggies wys tande, terwyl hulle die wedloop van hulle lewens hardloop. Net een van die talle tonele wat afgespeel het tydens Hennospark se Huissport vroeg in 2016...


Hierdie jaar het die organiseerders alles probeer om die reën te kortwiek. Die middag/aand byeenkoms het eers om 15:00 begin op 'n lieflike, maar bewolkte Vrydag middag. Die atletiekveld het gewemel van elke tipe atleet onder die son. Die spiese het deur die lug getrek, sand het nuwe betekenis gekry en die rekords het gespat. Die Gr 7's het in hul massas opgedaag om sommer aan alles deel te neem. Spannees tel immers baie meer punte as eerste plekke! Ouers het vroeg verlov geneem by die werk om hulle bloedjies te kom aanmoedig en kon lekker kuier op die pawiljoen. Ons het onder ons nuwe spreiligte ('n nuutjie vir die kinders) deelgeneem totdat die reën ons almal na ons warm huise gejaag het. Die byeenkoms is Dinsdag weer hervat en ons kon ons spanne finaliseer vir die opkomende byeenkomste.

Dit was nou pret, selfs nie eers die dreigende reënwolke kon die gees demp by die **BESTE SKOOL IN DIE WÊRELD** nie.

Ons sien uit na 'n heerlike, maar kort atletiek seisoen waarin elke Kaalvoet kind net sy beste gaan lewer.



Kaalvoetkinders...



Laerskool Hennospark vier in 2016 hul 35ste bestaansjaar! Die meeste omas en opas van Centurion se kleinkinders is nou deel van ons Blou-golfland.

In die laaste 35 jaar het daar al soveel dinge verander; die grootte van die skool, onderwysers, ongelooflike hoofde, spesialiteits-onderrig in akademie, internasionale deelname aan sport en kultuur... en verseker die belangrikste, die koms van die 21e eeu!

By Hennops verstaan ons dat die kind van vandag meer as net die basiese opvoeding nodig het. Ons kan nie net meer fokus op papegaai werk en kinders met teelepels voer nie. Leerders van Hennospark moet kan leer hoe om te dink, hoe om lewensvaardighede te gebruik, maar ook hoe om geliefd te voel en dat elke inset waardeer word. Waardes is vir ons primêr en daardeur wil ons aan elke leerder 'n stewige fondament skep. Gedurende hierdie proses vind elke kind sy eie identiteit en ontdek dan ook sy/haar plekkie in hierdie wêreld.

Leerders word raakgesien vir die "mensies" wat hulle is en besig is om te word... Harte word raakgesien, onder die vuil gespeelde skoolklere en warm lyfies wat na 'n pouse weer terugkom klas toe. Die glorie van prestasie is sekondêr. Ons visie is om jou in elke graad van die laerskool as kind te waardeer, jou unieke talent te ontdek, jou hande sterk te maak met vaardighede en 'n akademiese ruggraat. Ons weet dat jou kind vir ons geleen is en dat ons elke geleentheid wil gebruik om jou kind te kan vorm, in die kind wat die Here wil hê hy/sy moet wees.

2016 die Kaalvoetjaar!

Ons verwelkom ons nuwe "Kaalvoet" kinders



Ons nuwe Graad R maatjies was omtrent opgewonde oor hul eerste skooldag!



Hierdie Graad 1 maatjie kon nie wag om sy "Kaalvoet" reis vir die jaar te begin nie!

Ontmoet ons "Kaalvoet-hoof"

Progressiewe vooruitgang is ons hoof, mnr Jannie Raath se middennaam. Vir hom is daar in elke negatiewe 'n positiewe, as ons net anders kan kyk na die negatiewe. As leier van 'n skool met 200 werknemers en 1 900 leerders het hy breër skouers as die gemiddelde man. Die mees ontstelde ouer EN die kleinste gr R'tjie se probleem is volgens hom ewe belangrik en gaan hy poog om albei gelukkig te hou.

As vorige hoërskool-hoof het hy in 2011 sy nuwe pos by Hennospark aanvaar en het hy al merkwaardige veranderinge aangebring. Soveel so dat ander skole gereeld by ons deur kom aanklop vir 'n blik op hierdie nuwe benadering. Baie veran-

deringe sal Jan Publiek dronkslaan, totdat hulle die uitkoms en resultate agter die plan raaksien. Vir hom is die etos: "Achieving the Impossible" 'n leefstyl.


Klein-klassie Wiskunde (15 leerders per klas) was maar een van sy "breinkinders". Ons terugvoer van die hoërskole is ongelooflik en wys dat ons wel die CAPS kurrikulum kan volhou en die skool se kinders gelukkig en met selfvertroue aan die ander kant kan uitbring.

Meneer Raath het ook die behoefte raakgesien en gereël dat ons skool beraders kry om leerders, ouers en onderwysers te ondersteun. In vandag se uitdagende, stresvolle omgewing is dit 'n absolute

pluspunt. Sy visie het ons as onderwysers ook na 'n volgende vlak geneem. Vir ons onderwysers gaan dit nie net oor akademie nie, maar definitief ook oor elke kind in totaliteit.

Mnr Raath weet dat die leerders in ons skool prioriteit is en daarom word elke besluit geneem met dit wat die beste vir ons kinders is. Hennops-leerders word toegerus en word voorbereid uitgestuur die dag as hulle vir 'n laaste keer die Hennopsklok lui.

Dankie vir u visie mnr Raath, ons sien uit na nog 'n Super jaar saam met u!



The Abacus Maths program offers a unique approach to how maths can be taught in our education system.

It is based on similar programs that are offered in countries such as Japan, China, Singapore, America and Taiwan

Benefits of Abacus Maths

- Increases IQ
- Increases concentration
- Increases self-esteem
- Increases problem solving abilities
- Enhances photographic memory

Make Maths Fun!

Ages 4 - 13

It all adds up!



ABACUS MATHS
Making Your Child Count!

Tel: 083 408 3191

e-mail: claudette@abacusmaths.co.za

Web: www.abacusmaths.co.za

Hou jou kind sterk en slim!

Die Hoofblad het bietjie gaan rondloer en 'n paar TOP buitemuurs aktiwiteit gevind om jou kind te help om die jaar sy volle potesiaal te bereik met behulp van puik programme en diens ...

Opvoedkundig

Abacus, Wiskunde Program met 'n unieke benadering, Centurion Area, Claudette Botha, 083 408 3191 of claudette@abacusmaths.co.za, www.abacusmaths.co.za. Besoek gerus ook hulle Facebook-blad vir meer inligting - facebook: abacusmaths

Ekstra-klasse.co.za, Klasse word in die gemak van die leerder huis aangebied in en rondom Pretoria and die Centurion gebied, info@ekstra-klasse.co.za, www.ekstra-klasse.co.za

Edublox lees-en leer kliniek, Wierda Park, Centurion, Carla du Plessis, 012 653-5599 / 076 288 5222, carla@edublox.com, www.thereadingclinic.co.za

Sport

Catrobatkidz, Pretoria en Centurion (Slegs sekere skole), Candace – 082 374 3688 of catrobatkidzpretoria@gmail.com, www.catrobatkidz.com

SHIDO Fighting Systems– Kinder gepaste Skopboks (Kickboxing), 2014 Hendrik Verwoerd, Centurion, 071 990 3628 /

012 643 1394 of admin@shido.co.za, www.shido.co.za

Playgolf, Verskillende skole in Centurion, Irene en Brooklyn, 082 307 5050, www.playgolfkids.co.za. Hul program verskaf ook al die toerusting vir die kinders by die skole self.

Karate Academy, High Park Centre, corner of Logan Avenue & Charles de Gaulle Crescent, Centurion, 0157, 012 460 2096 of 0861KARATE, soon@karateacademy.co.za

Centurion Swem en Aqua Sentrum, H/v Lenchen & Migmatite straat, Centurion, Elmarie van Dyk 083 302 2040, www.centurionswim.co.za

Mariaan Swemskool, 25 Pine Avenue, Hennospark/Bronberrick, Centurion, Mariaan 072 117 2501, www.mariaanswimschool.co.za

Dans

Ceroc Dance South Africa. -Sokkie and Moderne Jive Group Dans Klasse, Centurion, 073 209 9687 / 071 450 2222 of cerochq@gmail.com, www.ceroc.co.za

La Volta Dance Club, Shop # 7, Gables Center, Hendrik Verwoerd, Hennospark, 083 317 2077, www.lavolta.co.za

Studio of Motion, Top floor, Rooihuiskraal sentrum, Hofanger road, Centurion, 071 604 2249, www.studioofmotion.co.za

Dancemouse (Centurion), Dans Klasse vir dogters en seuns vanaf Gr000 – Gr7, Marijke vd Westhuizen, 082 418 4558 of centurion@dancemouse.co.za

Paula Olivier Ballet School, 1005 Pretorius Street, Lyttleton, Centurion, 076 034 2087 of 012 664 4868, admin@paulaolivierballetschool.co.za, www.paulaolivierballetschool.co.za



Dance classes for boys & girls from Gr 000- Gr 7.

MARIJKE VAN DER WESTHUIZEN

082 418 4558

centurion@dancemouse.co.za



DANCE MOUSE



DM BALLERINA



Dance Madness

THE BENEFITS ARE ENORMOUS!



Die Roomiere is tuis!



Die Roomiere is opgewonde oor 'n nuwe jaar vol uitdagings en hoogtepunte! Mnr. Ferdie Maree (Skoolhoof) het 'n see van rooi op 13 Januarie verwelkom toe byna 2000 Roomiere en hul ouers vir die eerste skooldag van 2016, bymekaargekom het vir 'n pragtige pawiljoen opening. Mnr.

**“Jou kind is jou grootste geskenk!”,
Ferdie Maree**

Maree se boodskap aan die ouers en leerders: “Jou kind is jou grootste geskenk! Maak jou gesin jou prioriteit in 2016 en laat ons kinders drome droom terwyl ons op die positiewe dinge fokus!”



Ses nuwe klasse vir ons Roomiere!



Die eerste soeie is afgesteek en die Roomiere se bouwerk het begin! 6 nuwe klasse is in die pyplyn. Ons is bevoorreg en baie opgewonde!

Leef voluit en bereik jul drome!

Die Graad 7 leerders van 2015 het hul laerskool loopbaan afgesluit met 'n besondere kerkdienis en so terug gekyk op jare van hoogtepunte en voorregte wat hulle kon geniet as Roomiere in ons pragtige skool! Graad 7's van 2015...as jy dit kan droom, kan jy dit bereik: GAAN LEEF VOLUIT!

Roomiere skop die jaar af met dubbel die pret!



Sewe paar Graad R leerlinge - Foto Theane Breugem, Beeld



Ses paar Graad 1 leerlinge - Foto Theane Breugem, Beeld

Die Roomiere verwelkom 7 pare Graad R en 6 pare Graad 1 tweelinge vir 2016! Op 12 Januarie het die Graad R en Graad 1 leerders van Laerskool Rooihuiskraal hul nuwe klasse en onderwysers leer ken! Hierdie twee graad-groepe het ook die jaar afgeskop met 'n atletiek byeenkoms en so die passie en gees vir die atletiek seisoen by die res van die Roomiere aangesteek!



Bakies is op die regte spoor



Na 'n baie suksesvolle 2015 jaar met ons tema "BAKIES Vlieg HOOG" land ons veilig en is dankbaar vir alles wat ons kon bereik op Vlug 2015.

Ons is gereed vir 2016 en dié jaar is ons tema "BAKIES IS OP DIE REGTE SPOOR".

Met erkenning aan 'n onbekende skrywer, pas die volgende gedagtes baie mooi in met alles wat ons beplan vir die Bakenkop gemeenskap vir 2016.

"Die lewe is soos 'n reis op 'n trein ... met sy stasies ... met die veranderinge van roetes ... en met baie opwinding. Ons begin hierdie lewensreis op hierdie trein wanneer ons gebore word en ons ouers is die mense wat ons kaartjie koop. Ons glo hulle sal altyd op hierdie reis saam met ons wees.

Maar op 'n sekere stasie sal ons ouers van die trein moet afklim, en ons alleen laat op hierdie reis. Soos die tyd aanstap sal ander passasiers op die trein klim wat 'n betekenisvolle rol sal speel - ons broers en susters, vriende, kinders en selfs die liefde van ons lewe.

Baie sal ook afklim tydens die reis en 'n permanente leemte in ons lewens laat. Baie sal ongesiens afklim sonder dat ons eens sal weet dat hulle hul sitplekke verlaat het! Jou treinreis sal vol vreugde, hartseer, fantasie, verwagtinge, "hello & goodbyes" en afskeide wees. 'n Goeie reis sal wees om vir mede passasiers te help om; om te gee, liefdevol te wees en sodoende goeie verhoudinge met elkeen te bou om seker te maak dat ons, ons bes doen om hul reis ook gemaklik te maak.

Die geheim van hierdie lewensreis is... Ons weet self nie by watter stasie ons gaan afklim nie. Dus, moet ons die mooiste

manier moontlik leef - wees aanpasbaar, vergeet, vergewe en offer die beste van wat ons het.

Dit is belangrik om so te leef, want wanneer die tyd aanbreek vir ons om ons eie sitplek te verlaat ... ons diegene wat voortgaan om te reis op die trein van die lewe, agterlaat met pragtige herinneringe".

Met hierdie gesindheid verwelkom ons elke Bakie op die 2016 BAKIE treinrit – Voorspoedige reis, bly op die regte spoor!



Ware ambassadeurs - Ons Leiers vir 2016




Ons leiers vir 2016 is verkies in Nov 2015 en is gereed om hulle taak te verrig. Hulle vertrek op 'n leierkamp saam met 3 personelede die naweek van 29 Jan waarna ons hoofleiers vir 2016 aangekondig sal word. Baie sterkte aan die leierspan en hulle personeel met die uitdaging vir die jaar. Julle is ware ambassadeurs en ons is saam met julle ouers trots op julle!



Hierdie nuwe Bakies se liggies gaan nog lank skyn

Bakies se Gr R en Gr 1 leerders het op 12 Januarie 2016 hulle Juffrouens kom groet en seker gemaak die personeel gaan nie dié 2016 groepe vergeet nie. Toe die skool dus open op 13 Januarie vir al die ander Bakies was die jongstes in die skool al heel op hulle gemak. Die Gr 1 leerders het hulle kersie kom aansteek op die 1ste dag om te wys hoe sy/haar liggie gaan skyn vir die volgende 7 jaar by Laerskool Bakenkop. Daar was somer van die eerste dag af getel en geskryf in die klasse. Die Gr R leerders moes onder andere gaan atletiek oefen, ter voorbereiding van hulle Atletiekmiddag wat plaasvind op 23 Feb 2016. Hulle kon ook nie wegbly van die Putt Putt baan op die Gr R gronde nie!



Kom jou kind se veiligheid eerste...?

Die Hoofblad het 'n paar ouers gevra waarna hulle kyk wanneer hul skoolvervoer vir hul kinders kies en met Ben Booyesen, eienaar van die Rubix Shuttles & Transfers Centurion franchise, gaan gesels om meer duidelikheid te kry aangaande hierdie vrae.

Dis 'n feit dat ons nie altyd die voorreg het om self ons kinders skool toe te vat of gaan haal nie, en daarom maak ons soms staat op dienste van skoolvervoer om ons kosbaarste besittings veilig na en van hul skool of buitemuurs aktiwiteite te vervoer.

Maar presies waarna moet ek kyk en wat moet ek as ouer vra as ek van so diens gebruik maak om te verseker dat my kind se veiligheid ten alle tye eerste gestel word. Ben het vir ons 'n bietjie meer duidelikheid gegee aangaande hierdie vrae.

Waarna moet ek kyk indien ek van so diens gebruik maak?

Dis belangrik om 'n maatskappy te kies wat ten alle tye beskikbaar is. Maak seker dat die bestuurder van die voertuig in besit is van 'n geldige professionele rybewys en dat die nodige permit in plek is. Baie belangrik is om ook te verseker dat die voertuig waarmee u kind(ers) vervoer word in 'n goeie toestand en natuurlik ten alle tye padwaardig is.

Doen navrae oor die maatskappy of bestuurder om vas te stel hoe ander mense hul dienste ervaar en of daar enige maandelike probleme mag opduik. "Al ons busse is toegerus met 'n toegewyde selfoon om te verseker dat ons ten alle tye die bestuurders kan kontak", meen Ben. Daarbenewens word elke Rubix franchisee op 'n maandelike basis deur die Franchisor ondersteun om te verseker dat die diensvlakke voldoen aan die hoë standaarde wat gestel word deur die Franchisor.

Hoe bepaal ek of die bestuurder of maatskappy aan my veiligheids vereistes voldoen?

By Rubix Shuttles & Transfers is veiligheid ons nommer een prioriteit. Elke voertuig in ons vloot is toegerus met satelliet opspoor en beheer stelsels en word daaglik gemonitor vir

onder andere spoed, roetes en ligging. Ons het oppassers op die meeste van ons busse, en ons voertuie word op 'n daaglikse basis volledig nagegaan. Ons bestuurders word ook gereeld geassesseer en ons bied gereelde opleiding aan ons personeel. Al ons personeel word ook opgelei in basiese noodhulp asook die Rubix interne standaard operasionele prosedures. My voorstel aan ouers sal wees om te kyk of die diensverskaffer wat hulle oorweeg ook aan hierdie standaarde voldoen

Word ek in kennis gestel sodra my kind sy bestemming bereik, sowel as daar 'n verandering in die roete en my skedule plaasvind?

Ons teks ouers die oomblik sodra ons hul kinders opgelaaie het en weer as hulle veilig by hul bestemming afgelaaie is. Ons is ook in staat om aan te pas by veranderings in hul skedule sowel as om addisionele versoeke te akkommodeer. Dit sluit buitemuurs aktiwiteite in. Ek beveel sterk aan dat ouers dit in gedagte hou wanneer hulle op skool vervoer besluit om te



U kinders is ons prioriteit

Skolier vervoer - 2016 Registreer nou!

Ons bied 'n veilige en betroubare vervoerdiens vir skool of buitemuurste aktiwiteite.

- Hoogs opgeleide en ervare bestuurders in uniform.
- Verseker veilige bestuursgedrag deur voertuig monitering-stelsel.
- Kommunikasie met ouers.
- Weeklikse inspeksie van voertuie en volledige diensrekord.

Yolanda Booyesen www.rubixtransfers.co.za
072 879 4905 centurion@rubixtransfers.co.za







versekerdat daar buigbaarheid is en dat die verskaffer bereid is om 'n plan te maak ingeval van 'n onvoorsienigheid. Ben verduidelik ook dat wanneer jy skolier vervoer oorweeg, maak seker dat die kinders nie te lank op die busse hoef te sit nie. "Ons maksimum tyd is 45 minute en die skedules word so geoptimaliseer om dit maandelik te maak". Hy meen ook dat dit belangrik is dat die

diensverskaffer 'n gekontrakteerde maandelike tarief hef om te verseker dat daar geen verrassings aan die einde van die maand is nie.

Indien jy in kontak wil kom met Rubix Shuttles & Transfers Centurion kan jy hom gerus kontak by 072 879 4905 of centurion@rubixtransfers.co.za

MONITOR NET

The first company in South Africa to successfully launch an alarm interactive mobile APP, Monitor Net again take line honours in seeking and developing new technology and implementing those that will keep our customers and their property protected in the most economical and efficient manner possible.

 <ul style="list-style-type: none">• Receive information regarding crime Tendencies, "Look-outs" and Hot Spots.	 <ul style="list-style-type: none">• Receive all your alarm activations and alarm status reports.
 <ul style="list-style-type: none">• Full alarm control - Arm (in any mode), disarm, bypass and even reset your alarm system	 <ul style="list-style-type: none">• Cellphone MEDICAL - Immediately auto alert the EMS to your medical needs and location
 <ul style="list-style-type: none">• Cellphone PANIC - Immediately auto alerts the call centre to your distress and location	 <ul style="list-style-type: none">• Easily switch lights on and off

Still rated as the security company with the
"Best Value for Money"

0861 117 117
www.monitornet.co.za



HET JY GEWEET?

- > Die Gautengse LUR vir onderwys, Panyaza Lesufi, wil **Afrikaanse skole dwing om hulle taalbeleid** te verander. Dit sal 'n ernstige terugslag vir Afrikaanse onderwys wees.
- > Lesufi wil ook Afrikaanse skole dwing om veertig leerlinge per klas te plaas, wat die **gehalte van onderrig nadelig sal raak**.

AfriForum gaan **Lesufi se planne hand en tand beveg** deur 'n klag te lê by die 185-kommissie, regsaksies, 'n memorandum aan die president, 'n klag by die Verenigde Nasies en vreedsame protesaksies.

JY KAN HELP!

> Voeg jou naam by AfriForum se klag deur jou naam na 45113 te SMS (R1).

> Teken die petisie by www.afriforum.co.za. Die petisie kan ook van die webwerf afgelaai word sodat jou vriende dit kan teken.

> Deel jou gevoel op twitter deur #lesufimoetval te gebruik.

